LITERAIR FRAGMENT

<u>Kringe in ’n bos</u> van Dalene Matthee (1938-2005)

Dalene Matthee werd geboren als Dalena Scott als middelste van vijf kinderen. Zij groeide op in de West-Kaap. Als kind had zij al een enorme leeshonger. Dalene leerde ook al jong pianospelen. Op haar achttiende trouwde Dalene met schoolvriend Larius Matthee, met wie ze drie dochters kreeg: Amanda, Toni en Hilary. Zij studeerde af als docent piano en gaf jarenlang piano- en gitaarles. Ze begon met het schrijven en publiceren van kinderverhalen om het gezinsinkomen aan te vullen. Later kwamen daar ook korte verhalen en toneelstukken bij.



Als schrijfster werd ze vooral bekend met haar vier 'bosromans'. Ze woonde in een bosrijke omgeving en deed onderzoek naar de bomen, het leven van de bosarbeiders en de olifanten die in vroeger jaren in grote hoeveelheden de bossen bevolkten en die bijna verdwenen waren. Ze las over de schrijnende standsverschillen tussen bosarbeiders en Engelse dorpsbewoners en houthandelaars. Het lot van de bijna vergeten bosarbeiders greep haar zo aan dat ze besloot om het verhaal van het bos op te schrijven. De eerste bosroman *Kringe in 'n bos*, geschreven in het Afrikaans, werd een groot succes. Het boek werd vertaald in het Nederlands, Engels, Fins, Frans, Hebreeuws, IJslands, Italiaans, Noors, Portugees, Spaans en Zweeds.

Bron: Wikipedia

Op de volgende bladzijden vind je drie fragmenten uit Kringe in ’n bos.
Meer informatie over het boek en de schrijfster is te vinden op de website
https://www.dalenematthee.co.za/af/boeke/bosboeke/kringe-in-n-bos/

<u>Opdracht:</u> Lees de samenvatting van het boek hieronder. Probeer vervolgens de fragmenten te begrijpen. Vertel wat je gelezen hebt.

INHOUD
Saul Barnard is houthakker in het Knysnabos en dat houdt in: arm en ongeschoold blijven en voor altijd een slaaf zijn van de Engelsen. Saul staat daarom op het punt zijn geboorteland te verlaten, maar wanneer hij hoort dat er jacht gemaakt wordt op Oupoot de leider van de woudolifanten verandert hij van gedachten. Hij vindt dat als Oupoot gedood moet worden, hij dat moet doen; want het moet met respect gebeuren. Wanneer Saul dieper en dieper het woud intrekt, wordt hem hoe langer hoe duidelijker dat Oupoot hem om de een of andere reden het woud in lokt...

LITERAIR FRAGMENT

<u>Kringe in ’n bos</u> van Dalene Matthee (1938-2005)

<u>Hoofstuk 1:</u>

Kort ná sonop is hy aan die rand van die Bos en hy kry die karige plankgeboutjie sonder veel gesoek. Hy klop en wag. Die ou bruinman wat kom oopmaak, skrik en staar hom ontsteld aan.

"Baas Saul?"

"Ek kom leen die geweer, Maska."

"Die geweer?" vra die oue agterdogtig. "Om wat te maak?"

"Ek het besluit dat Terblans nie Oupoot sal skiet nie. As iemand dit dan moet doen, sal dit ek wees." Iets soos paniek maak ou Maska se klein swart ogies wild. "Jy? Jý gaan hom skiet?"

"Ja."

"Nee!" Dis 'n smeking om genade; hy steek sy hande voor hom uit en skud sy kop.

"Nie jy nie. Asseblief, baas Saul ..." "Leen my die geweer." "Maar ek het net twee koeëls!" skiet hoop die ou man binne. "En niemand in hierdie bos sal vir jou 'n enkelte koeël bysit nie, hulle sal jou nie help nie, baas Saul."

"Twee koeëls is genoeg. Het jy kruit?"

"Dit lyk vir my die rykmanslewe het jou kop saf gemaak!" ruk ou Maska hom skielik op. "Lyk vir my jy vergeet lat Oupoot Oupootis! Lat al die slim van al die olifante ..." Hy bly stil en staan vir 'n oomblik verbyster.

[…]

<u>Hoofstuk 2:</u>

Vandat hy kan onthou, is Oupoot die mees gevreesde olifant in die Bos. Geen houtkapper het sonder respek van hom gepraat of sy spoor gekry en nie onmiddellik gekyk watter kant die wind waai nie.

Hy was veertien toe hy Oupoot vir die eerste keer gesien het. Baie dinge het met hom gebeur toe hy veertien geword het…

Die godsiekte het twee maande voor sy verjaardag deur die Bos getrek: masels, kinkhoes en plek-plek waterpokke. Magdalena moes eerste gaan lê. Toe Sara inval, het hul ma ook siek

geword. Masels. Hy en sy pa en Jozef en ou Anneries het ver van die huis af kalander vir dwarslêers gewerk en van niks geweet nie.

Tant Martjie van oom Martiens Botha, wat ook by Groot Eiland huisgemaak het, het ou Maska gestuur om hulle te soek. As jy die Bos ken en weet in watter rigting om te soek, kan jy soek, so nie moet jy wegbly uit hom. Mens hoor ’n byl se kap diep Bos in en ou Maska het hulle die derde dag gekry. Oom Gert Oog-hulle het ’n paar myl huiskant van hulle gekap en hom gesê waar hulle is.

Hulle het die vuur doodgegooi en dadelik huis toe begin stap. Ses ure se harde stap. Toe die sewester vir middernag sit, het hulle Groot Eiland se oopte binnegeloop.

[...]

Hoofstuk 18:

Hy hoor die skoot aan die bopunt van die Streepbos en dit voel of die skoot sy eie lyf tref. Amper onmiddellik na die knal dreun dit deur die bos van die uittrompetter van ´n olifant se pyn. Harder en harder en harder totdat die bloed in Saul wil verys en die tweede skoot godsgenadiglik die verskriklike angsbasuin tot stilte ruk.

“God, hulle het Oupoot geskiet!”

Nie ´n voël roep nie – nie ´n tak se kraak nie – niks. Dis asof die bos in bo-aardse stilte sy skok uitgalm. Na ´n ruk begin ´n enkele loerie kok-kok-kok soos een wat tydsaam huil.

Instink laat Saul elke kraak van ´n tak hoor, die rigting van die wind dophou, die stilswye van die loeries opmerk. Sy hande is koud om die kwartponder en dit voel of sy hele lyf vanuit sy ingewande bewe. Hy swaai regs die ruigtes in en verhard hom vir dit wat hy weet daar wag. Honderd tree verder hoor hy stemme wes van hom en loop daarop af. Oomblikke later beur hy die laaste onderbosskeiding weg en voel sy lyf skielik verstyf.

Die olifant lê rugkant na hom toe, ´n entjie laer af teen die skuinste, soos ´n groot grys rots.

“Here, as daar ooit ´n olifant waardig moes sterf, was dit hierdie een. Nie so nie. Nie só verneder nie, maar diep in die boskloof op sy bestemde tyd.”

Hy hoor die stemme anderkant die olifant. Sy hande kramp om die kwartponder, sy voete begin vinnig oor die oopgevlekte varings trap om kopkant om te kom. Hy kyk op. Drie delwers staan saamgebondel, gewere oor die skouers. Hy herken die voorste een: Stopforth.

“Vuilgoed!” skree hy verwoed en lig die kwartponder totdat die loop tussen sy oë en Stopforth se lyf lê.

“Don´t shoot! Don’t shoot!”

“Vuilgoed!”

“Dis my olifant! Die ivoor is myne!”

Saul trek die sneller met sy hele lyf, met elke greintjie haat en woede in hom. Die voëls swerm verward uit die onderbos. Stopforth se lyf is ´n vlugtende sliert.

Die geur van gekneusde boskruie hang in die lug; die wind suis liggies deur die Bos en word weer stil.

Toe Saul na die olifant draai, is hy soos ´n man bevange van pyn.

“Oupoot.”

Met dié dat sy hand uitgaan om hom aan te raak, breek ´n leeftyd se liefde vir die dier uit hom los en weemoed kom oor hom soos ´n donker wolk.

“Hoekom? Hoekom, Here, hoekom?”

Oupoot. Droom-olifant van sy kindertyd. Oupoot. Die mees gevreesde een. Boskoning. En hy, Saul Barnard, raak aan hom. Die onaanraakbare het tasbaar geword. Hy voel die dik, skurwe vel oor die yslike kop span. Saul tas oor die koue, lewelose oog en die stekelrige ooghare prik die sagte binnekant van sy hand. Sy hand bly al langs die lewelose slurp af en vee die grond van die sagte, vlesige punt af. Die onderste tand is halfpad in die bosvloer ingeploeg, die boonste een is ´n geel-wit ivoorboog. Trane stroom oor sy wange.

“Was daar ooit ´n mooier maaksel geskep? Was daar ooit ´n mooier maaksel deur die mens se wil vernietig?”

Die onderbos kraak onder sy voete terwyl hy om en om die lewelose dier loop en die droefheid so groot in hom word dat dit sy besef van tyd en werklikheid verswelg.